Joh 3:1-16        GOD MAAK ‘N NUWE BEGIN

1. DIT IS ‘N GESKENK VAN BO

'n Kategeet wou vir die sesjariges in sy groep verduidelik wat met mens moet gebeur om die ewige lewe te beërwe. Om uit te vind wat die kinders oor dié onderwerp weet, vra hy toe 'n paar vrae: “Sê nou ek verkoop my huis en my motor, hou 'n groot straatverkoping, en ek gee al my geld vir die kerk, sal dit vir my die ewige lewe gee?”

“Nee,” sê die kinders uit een mond. Die kategeet skep moed.

“Sê nou ek maak die kerkgebou elke dag skoon, sny die gras, en hou alles skoon en netjies. Sal dit my in die ewige lewe kry?”

“Nee,” kom die antwoord weer.

“Sê nou ek gee baie om vir diere, gee elke dag lekkers vir kindertjies, en is baie lief vir my vrou. Sal dit my in die ewige lewe kry?”

“Nee,” skree die klas.

“Wel, hoe kry ek dan die ewige lewe?”

'n Seuntjie in die agterste ry staan op en roep: “Jy beter doodgaan!”

Klein soos hy is, het dié outjie verstaan: Ons kan nie die ewige lewe **verwerf nie** - die ewige lewe word van Bo af aan ons **geskenk**. Dit kom soos 'n **nuwe geboorte**, 'n oor-geboorte. Mens *kies nie* om gebore te word nie. Jy *ontvang* jou geboorte. Dieselfde met die wedergeboorte. Jy genereer dit nie self nie. Dit kom van God, en dit word aan ons geskenk, aan ons gedoen.

Kortom: ons **bewerk** dit nie, ons **ontvang dit van Bo af.**

2. DIE CHRISTELIKE GODSDIENS IS UNIEK

Hierdie is iets eie aan die christelike godsdiens; dit maak dit uniek. Al die ander godsdienste kom daarop neer dat jy jouself moet **verbeter**; dat jy jou verlossing moet **verdien**. Hoe sal die **Moslems bv** hierdie vraag beantwoord? Volgens hulle is daar **vyf “pilare”** waaraan jy getrou moet bly indien jy enige hoop op redding wil hê:

1. Die voordra van die **geloofsbelydenis** *“Daar is geen ander God as Allah nie en Mohammed is die boodskapper van Allah”*.
2. **Gebed** op 5 vasgestelde tye per dag.

3. Die verpligte sowel as vrywillige gee van **aalmoese** aan die armes.
4. **Vas**. Veral gedurende die “heilige” maand van Ramadan.
5. Die onderneem van ‘n **pelgrimstog** na Mekka ten minste een maal in ‘n persoon se leeftyd.

Maar selfs al is jy volkome getrou aan elkeen van hierdie pilare, dan is dit nog steeds nie ‘n **waarborg** van redding nie. Op die Dag van Oordeel sal Allah (of ‘n engel) ‘n weegskaal neem en jou goeie dade opweeg teenoor jou slegte dade. Selfs dan sal Allah se oordeel nog afhang van sy eie wil en nie noodwendig op regverdigheid gebaseer wees nie!

Die **enigste seker manier** om die paradys te beërwe, is om as martelaar gedurende ‘n Islamitiese Heilige Oorlog of Jihad te sterf.

***“Wat dan van Jesus?”*** mag ‘n mens vra. “Die Koran praat tog dikwels van Jesus.”

Moslems glo dat Hy **gebore** is uit die maagd Maria, maar dat die engel Gabriël sy vader was. Hulle glo nie aan sy **dood** aan die kruis, sy **opstanding** of aan sy **goddelikheid** nie. Hoewel Hy die tweede belangrikste profeet na Mohammed is, is Hy maar net een profeet tussen 124 000. Volgens die Koran is Hy wel **sonder sonde,** het Hy **wonderwerke** verrig, **opgevaar** na die hemel en kom Hy **weer**. Sy wederkoms sal ‘n teken wees dat die Oordeelsdag naby is. Volgens hulle sal Hy dan kom trou, kinders hê en vir 40 jr regeer en die antichris vernietig en daarna sterf. Hy sal dan in dieselfde graf as Mohammed begrawe word.

3. WEES VERDRAAGSAAM, MAAR NIE ‘N VERKLEURMANNETJIE NIE

Br en sr, ons moet **verdraagsaam** wees teenoor ander godsdienste soos die Islam en hulle met **respek en liefde** benader en bereid wees om na hulle **te luister**. Ons kan egter nie oor alles met hulle **saamstem nie**. Christelike verdraagsaamheid beteken dat jy respek het daarvoor dat mense **verskillende** oortuigings het, maar dit beteken nie dat ons sê dat al die oortuigings **ewe reg** is nie. Dit beteken nie dat ons nie ‘n **standpunt** mag hê nie. Soos iemand gesê het: *“The signs of the Christian church were*

*always the Lamb, the Fish and the Dove – but never the Chameleon.”*

**Jesus sê** nie vir die vooraanstaande en gesiene Fariseër nie dat sy lewe *goed genoeg* is, of dat hy *nog meer* wetsgehoorsaam moet lewe nie. Hy laat hom verstaan dat sy lewe **totaal nuut** moet begin, dat hy oor gebore moet word. Hy is **totaal verlore**, maar gelukkig is ‘n **totale, radikale vernuwing** moontlik. (radix = wortel) Van alle godsdienste neem die christelike godsdiens die sonde die ernstigste op. Al die ander godsdienste is ten diepste “selfhelpgodsdienste”, terwyl die Christelike godsdiens ‘n “God-help-ons-godsdiens” is.

Dit gebeur **vandag nog** – dat God mense se lewens totaal nuut maak – sg “goeie” mense soos Nikodemus en sg “slegte” mense soos dwelmverslaafdes en moordenaars. Hy doen wat **ons nie self** en niemand anders ook vir ons kan doen nie. Hy gee aan ons **‘n nuwe geboorte, nog ‘n kans, ‘n nuwe lewe.** Dit is soos **Lente** wat in ‘n mens se lewe deurbreek. Waar daar net kurkdroë takke was, kom daar botsels en groen blaartjies! Dit is die **Heilige Gees** wat dit in mense se lewens doen. Hy skep van bo af nuwe lewe in mense.

Die **doop van babas** simboliseer dit. Dit is ‘n *erkenning* daarvan dat net so onmoontlik as wat dit vir die baba is om op die vrae te antwoord, so onmoontlik is dit vir hierdie kind om uit hom/haarself tot bekering te kom. God neem die **eerste stap**. By die doop reik Hy na ons uit. Ons bekering is *ons reaksie* op God se keuse om ons lief te hê.

4. DIE NUWE BEGIN EINDIG NIE DAAR NIE

**Hoe sal jy en ek weet of ons weergebore is?** (vertoon <u>prent van man met twee naeltjies</u>: Wat is vreemd aan hierdie foto? Sal almal wat weer gebore is twee naeltjies hê?!) Natuurlik nie, maar as jy in die Here Jesus <u>GLO</u>, dan is **DIT vir jou die teken** dat jy opnuut gebore is. As die Gees jou nie ‘n **nuwe mens** gemaak het nie, sou jy nie geglo het nie. **Jou lewe** sal ook al meer dié van ‘n nuwe mens wees. En dan kan jy ook weet: Ek IS ‘n kind van die Here: “*Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.*

*Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore."* (1:12-13) Jy mag weet dat jy die ewige lewe het en nie verlore sal gaan nie: *"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."* (3:16)
Dit is hierdie **wonderlike sekerheid wat die Moslems** en die aanhangers van ander godsdienste mis omdat hulle Jesus nie *ken*, Hom nie *aangeneem* het en nie in Hom *glo* nie. Daarom, al is baie van hulle ook soos Nikodemus **goeie en godsdienstige mense**, moet ons seker maak dat hulle ook die *evangelie hoor en verstaan* en moet ons ook vir hulle redding *bid*.

**Goddank** dat God vandag nog ‘n nuwe begin moontlik maak waar ander en onsself dalk al moed opgegee het! **Vra** Hom gereeld om met sy **vernuwende werk** in die wêreld en in jou lewe en in die gemeente voort te gaan. (Lied 436:1,3)
Mag die feit dat ons weer gebore is vir ander wat met ons te doen kry **so duidelik** wees asof ons twee naeltjies het!

Amen
4 Sept 2011